# BELEID

# PRIVAATWERK DEUR AMPTENARE

# PRIVAATWERK DEUR AMPTENARE

## 1. Wetsbepaling

Die Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Stelsels, 2000, Wet 32 van 2000, bepaal uitdruklik in Bylae 2 : Gedragskode vir Munisipale Personeellede, Artikel 4 (2) (c) dat 'n munisipale amptenaar nie mag betrokke wees in enige sake onderneming, bedryf of beroep buiten die werk van die Munisipaliteit nie. Hierdie bepaling geld indien die vooraf toestemming van die Raad van die Munisipaliteit nie verkry is nie.

## 2. Uitsonderings op dié bepaling

Uitsondering op dié bepaling geld slegs in terme van Raadsgoedkeuring en ook ten opsigte van die volgende :

2.1 'n Volledige en duidelike uiteensetting van enige addisionele werksaktiwiteit waarby 'n werknemer betrokke mag wees.

2.2 Die werk mag nie soortgelyk of in kompetisie met die diens van die Munisipaliteit wees nie.

2.3 Die tydsbesetting mag nie sodanig wees dat dit die normale rustyd van die werknemer beïnvloed nie.

2.4 Daar mag onder geen omstandighede enige tyd of toerusting of ander hulpbronne van die Munisipaliteit gebruik word vir hierdie aktiwiteit nie.

2.5 Die Raad sal elke versoek in dié verband na meriete oorweeg en behou hom die reg voor om ter enige tyd vergunnings in dié verband terug te trek of te weier.

Sien ook die Gedragskode van die Munisipale Personeellede in dié verband.